

Integriteit? Nee, en boonop taneloos

Llewellyn Prince

Alle oë sal môre op die ANC se integriteitskommissie wees oor of hy bevindings teen pres. Cyril Ramaphosa oor die Phala Phala-aangeleentheid gaan maak.

George Mashamba, voorsitter van die kommissie, kon nie gister vir kommentaar bereik word nie, maar Paul Mashatile, tesourier-generaal en waarnemende sekretaris-generaal van die ANC, het Maandag gesê die kommissie sal sy verslag môre aan die party se nasionale uitvoerende komitee (NUK) oorhandig.

Die NUK het die naweek om Ramaphosa laer getrek toe besluit is dat ANC-LP's nie die art. 89-verslag van 'n onafhanklike paneel van die parlement gaan steun nie. In die verslag is bevind daar is prima facie-bewyse dat Ramaphosa met die Phala Phala-saga moontlik die Grondwet en ander wette oortree het en dat die parlement hom moontlik in 'n staat van beskuldiging kan plaas.

Ramaphosa betwis die verslag in die konstitusionele hof.

Dr. Ntsikelelo Breakfast, politieke ontleder verbonde aan die Nelson Mandela-baai-Universiteit, verwag nie dat die integriteitskommissie nuwe bevindings teen Ramaphosa sal maak nie. "Die probleem is dat elke ANC-lid 'n strategiese belang by die uitslag van die nasionale verkiesingskonferensie het, onder wie lede van die ANC-integriteitskommissie. Daarom verwag ek nie dat hulle besluite sal neem wat met die standpunt van die NUK oor Ramaphosa en die art. 89-verslag verskil nie. Die tydsberekening is weens die konferensie nie goed vir 'n deeglike ondersoek nie."

Prof. André Duvenhage, politieke ontleder verbonde aan die Noordwes-Universiteit, meen ook dat die integriteitskommissie nie 'n besluit sal neem wat die politieke prosesse in die aanloop na die verkiesingskonferensie sal beïnvloed nie.

"Die kommissie is soos 'n hond sonder tande. Die kragte en magte is net te sterk. As 'n mens kyk na die kommissie se prestasies wat betref die ANC-lede wat in die verlede by wandade betrek is en teen wie hy moes optree, was dit onsuksesvol."

Carl Niehaus, woordvoerder van die Umkhonto we Sizwe-militêre-veterane-vereniging, sê hy sal verbaas maar bly wees as die "patetiese en tanelose" integriteitskommissie 'n verslag met bevindings teen Ramaphosa aan die NUK oorhandig.

Niehaus het gister gesê die kommissie ondersoek die aangeleentheid reeds maande lank.

